Ges. 86:1,3.VIII Salig die Vervolgdes. Auk. 6. 5. 62.
" 58:5,6. 1 Petr. 3:8-22.
" 152:4 (Doop: B. 105:5)

Matt. 5:10 - Salig is die wat vervolg word terwille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die Koninkryk v.d. hemele.

Ons kom um te staan by die laaste van d. saligsprekinge van onse Here Jesus: die oor vervolging terwille van geregtigheid. As ons na voorbeelde van soeke vervolging in d. gesk. v.d. Kerk in S.A. of van Xtene as groepe wil gaan soek, sal ons feitlik niks vind - want v.d. volksplanting v. Jan v. R. 300 jr. gelede het die Xt. Kerk in S.A. 'n ongesteurde en vreedsame groei beleeue. God daarvoor dank!

Watter kontras vorm dit met die gesk. v.d. Xdom wat 'n verhaal is van vervolging op vervolging! Dink aan die klein en swak eerste Xt. kerk, aan d. apostels - hoe is hulle nie vervolg! Dink aan lande soos Oos-Duitsland, Rusland, Hongarye, Sjina en wat Xtene daar te ly het! Dink aan die offers van talle lewes wat Xtene in state in Afrika die afgelope paar jaar moes bring! Dink a.d. toekoms waarvoor Petrus ons wil voorberei as hy sê: „Geliefdes, verbaas julle nie oor d. vuurgloed van vervolging wat oor julle gaan kom nie"

Nie alle vervolgdes salig: Maar laat ons nie die uitspraak v.d. Here Jesus verkeerd verstaan nie. Hy spreek nie alle vervolgdes salig nie: 'n Xten kan vervolg word om sake wat niks te doen het met geregtigheid nie. Hy kan br. vervolg word om sy eie geregtigheid, sy taktloosheid, sy eiesinnigheid of hardkoppigheid of sondige ongehoorsaamheid. Hy kan br. emstige teëkanting en vyandskap opwek deur sy eie huweringheid of kwasterige geaardheid. En

Selfbeproewing + Vervolgingswaan!

waar dit die geval is moet die Xten nie wil gaan poseer as martelaar en dan homself regverdig deur te skuil agter die woorde v.d. H. Jesus en sê: Ja, maar ook my Meester het gesê: „Salig is die wat vervolg word nie ...!" Nee! Ons moenie vervolging doelbewus soek nie en ons dan beroep op Gods belofte nie! Dan versoek ons God!

Geregtigheid: Dit gaan hier om geregtigheid – dis d. sleutelwoord v.d. saligspreking. Mr. nou is dit soms so moeilik om te weet: wat is geregtigheid? Want ook die magte v.d. Bose speel met* hd. wd. en gebruik dit in hulle propaganda. Dink mr. net hoe baiekeer d. Kommunisme in hulle gesprekke en geskrifte hd. wd. – o, so mooi klinkend – gebruik!

Wat beteken geregtigheid hier? ① Xtus maak hier 'n algemene stelling om aan te toon dat elke persoon wat ly in belang van die saak van reg en billikheid, gelukkig is. Daaroor sal niemand stry nie – ons moeilikheid is net: hoe weet ons wat geregtigheid is?

② Ook op hd. vraag het Xtus ons 'n duid. antwoord gegee toe Hy in Joh. 16: 7-11 ons belowe het dat Hy die Trooster (die H.G.) na ons sal stuur en dat dié die wêreld sal oortuig van geregtigheid. As ons dus wil weet wat geregtigheid is, is daar net één leermeester: die Gees van Christus Jesus. // Wie dus Christus ken, wie sy lewe aan Christus oorgee, Hy begin ontdek wat geregtigheid is. Want Christus gee ons die volmaakte beeld van die geregtigheid van God en hoe meer ons ontdek en verstaan wat God se geregtigheid t.o.v. elke mens insluit, hoe duideliker word vir ons die inhoud v.d. geregtigheid wat ons geroepe is om teenoor ons medemens te beoefen.

Die moeilikheid met baie mense (insluitende baie Xtene) is dit dat hulle in die Bybel 'n kant-en-klaar opgetrekte lysie wil vind van die reg en die onreg van elke saak w/mee hulle te doen kry. Hulle verstaan nie: d. Bybel is nie 'n telefoonadresboek met lys van antwoorde op elke praktiese situasie nie – dis d. Boek v.d. Lewe wat ons in 'n nuwe verhouding tot God en tot ons naaste stel deur Xtus se lyde en sterwe en opstanding. / En d. oomblik wat ons in dd. nuwe verhouding staan begin ons opvoeding van wat geregtigheid is – en gaan dit ons hele lewe deur. Mr. dan moet ons dit laat deurgaan en groei en toeneem deurdat ons die Gees v. God toelaat en aanhelp om ons verstand en ons hart en ons gewete helderder en skerper en gevoeliger te maak vir alle reg- en onreg, alle goed- en kwaad, alle waarheid- en leuen.

Vervolg terwille v.d. geregtigheid: Dit sal ons besonder help as ons teruggaan na d. Skrif en vra: wie i/d Skrif is so vervolg?

① Die profete: Moses is een v.d. vervolgdes geweesadek. deur Farao; adak. deur sy eie volk. Samuel is so vervolg en verwerp sodat God aan Samuel moes sê: „Hulle het nie jou, maar My verwerp". Elia is so wo'ë. Jeremia is so vervolg (Jer. 20) dat Hy eintlik vir God moes sê: Ek wil nie meer profeteer nie. Daniel is so vervolg terwille v.d. geregtigheid. / Dit was altyd d. wesenlike verskil tussen die ware en d. valse profeet: die valse profeet soek nie eerstens d. guns v. God nie, mr. d. guns v. die volk mense. Hy word gedra en gevoed deur populariteit – hy is vir niks so bevrees as om d. eer van mense te ~~behou~~ verloor nie!

(2) Christus: Maar by uitstek is Christus die Een wat vervolg is, omdat Hy d. hoë en heilige reg van God in alles gehandhaaf en bevorder het, omdat in Hom geen onreg was nie en Hy geen onreg ooit kon goedpraat nie. Hoe duideliker Christus d. geregtigheid v God gepreek en geleef het, hoe heftiger het d. reaksie teen Hom ~~geken~~ geword. En dis ook so verstaanbaar want d. mens kannie God sien, God in hande kry om jou op Hom te wreek nie – en nêrens is God so naby, so tasbaar as in Chr. Jesus nie (God i.d. vlees)

→ Dom Christus tot d. diepste smaad gemartel en gely!

(3) Die Kerk: Oral en altyd waar d. Kerk getrou d. beelddraer vir Christus en sy ryk wil wees, kom daar vervolging. Hoe eerliker en suiwerder d. Kerk vir Christus wou uitleef en uitbeeld in sy bdsk. en getuienis, hoe kwaaier was d. verset, hoe feller d. vervolging. In dié sin moet die Xten en die Kerk wat nooit vyandskap of vervolging ondervind, homself baie eerlik ondersoek en vra: Is my getuienis werklik dié van Christus?

→ Verkeerde opvatting: ens wag tot groot vervolging uitbreek, m. bly d.

Salig: Xtus spreek hd. vervolgdes salig omdat d. Koninkryk v.d. hemele aan sulkes behoort Dws.: Wees gelukkig want d. oorwinning is julle s'n – die waarheid waarvoor julle ly en vervolg word, gaan sêvier. Daar is net een ryk wat gaan triomfeer: die Koninkryk van God en wie bereid is om te ly vir dd. ryk word gelukkig geag i.d. oë v. Xtus!

Hd. oorwinning in beginsel reeds verkry deur Xtus deur sy opstanding uit d. dood!